# KONTRAK VOORWAARDES EN REELS

## 22 – 23 SEPTEMBER 2023
## KOSTERDAM

# KONTRAK
## VOORWAARDES EN REELS

**1.PLASING**
Voorlopige plasings word gedoen soos en wanneer aansoeke en bewys van betaling ontvang word, maar Die Eisbeinfees hou die reg voor om enige stalletjie in belang van die fees te verskuif. Aansoekers sal deurlopend in kennis gestel word na mate aansoeke goed- of afgekeur word. Dit is dus belangrik om so vroeg as moontlik aansoek te doen om teleurstelling te voorkom. Geen stalletjie word toegelaat om sonder toestemming van plek te verwissel of met ander stalletjies uit te ruil nie!

**2. BETALING**
Tarief is volgens gekiesde spasie grootte. MAAK ASB SEKER VAN BESPREKING. AS U NIE SEKER IS VAN DIE TIPE SPASIES NIE, KONTAK GERUS VIR LIZA BY 0828537618.

**Suksesvolle aansoekers moet met ontvangs van faktuur ‘n 40% deposito betaal om BESPREKING TE BEVESTIG.**
**Tot en met deposito nie ontvang is nie, kan ander uitstallers in die selfde katagorie goedgekeur word. Die uitstaller wie se betaling eerste ontvang word sal dan toegelaat word om uit te stal vir sy katagorie. Daar word nie katagorie gedupliseer nie.**

Uitstaande balans moet voor of op 1 JULIE 2023 betaal wees in Die Eisbeinfees se bankrekening. Indien jy ná keuring kanselleer, word 'n kansellasiefooi van 40% teruggehou. Indien jy ná 1 JULIE 2023 kanselleer, word alle gelde verbeur.

**Prosedure:**
1. Vul die aanlyn vorm volledig in.
2. Inskrywingsdatum sluit 30 JUNIE 2023
3. Keuring vind deurlpend plaas en alle aansoekers sal deurlpend in kennis gestel word of hulle aansoek suksesvol was of nie.
4. Nadat produkte goedgekeur is word u gekontak met ’n verwysingsnommer vir betaling
5. Sodra ons u Bewys van betaling ontvang, word ‘n spasie volgens behoefte ge-alokeer . Epos asb die bewys van betaling na eisbeinfees1@gmail.com

**3. HANDELSURE**
Die fees open op Vrydag 22 SEPTEMBER 2023 amtelik om 13:00
Die verpligte daaglikse handelsure is Vrydag 22 SEPTEMBER vanaf 13:00 tot 19:00 en Saterdag 23 SEPTEMBER vanaf 08:00 tot 19:00

KAMPEER Stalletjies mag handel dryf van Vrydag 13:00 tot die feesterrein Sondag 23 SEPTEMBER 2023 om 11:00 sluit. Neem asseblief kennis: PUNT NO 6 HIERONDER

**4. SIGBARE LOGO'S**
Die gebruik van die Die Eisbeinfees logo of naam op produkte is streng verbode sonder die goedkeuring van die Bemarkingsbestuurder.

**5. SEKURITEIT**
Die Eisbeinfees verskaf voltydse sekuriteit maar kan nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige verliese of skade nie.

**6. VERBLYF**
Neem asb kennis dat alle uitstallers self verantwoordelik is vir hul eie verblyf. Kamp akkomodasie is beskikbaar saam met jou uitstal ruimte (Kampeer uitstaller) Indien jy sal verkies om op die kampeer terein te kamp, bespreek asb 'n uitstalruimte en kontak die kampeer afdeling vir 'n kampeer spasie. LET WEL, UITSTALLERS WAT SLEGS UITSTAL RUIMTE BESPREEK EN WEL DAAR OORNAG SAL ONMIDDELIK GEVRA WORD OF OM VOLLE TARIEF TE BETAAL OF OM PERSEEL TE VERLAAT!

**7. GROOTTE VAN TENT- STALLETJIES**
Met bespreking word groottes en area aangedui. Maak asb seker van jou keuse.

**8. TOEGANGSKAARTJIES**
Uitstallers word van toegangskaartjies gesamentlik vir 22 en 23 September 2023 voorsien. LET WEL DAT GROOTTE VAN JOU SPASIE BEPAAL HOEVEEL TOEGANGS KAARTJIES ONTVANG WORD.

**9. KOSSTALLETJIES**
BAIE BAIE BELANGRIK. Die verkope van enige vorm van wegneem etes , kos of lekkergoed is heeltemal verbode. Ons susters werk baie hard om self kos te maak en die snoepie word deur ons Finalejaar Katkisante hanteer. Sal u dit asseblief so respekteer. Kontak ons gerus indien daar enige onduidelikheid hieroor is.

**10. ALGEMEEN**
Geen troeteldiere word by stalletjies toegelaat nie.
Uitstallers is verantwoordelik vir die netheid van hul stalletjies.
Die Eisbeinfees behou die reg voor om uitstallers te skors vir enige

wangedrag, bv. Geen harde musiek wat steurend kan wees word toegelaat nie. Geen onderverhuring word toegelaat nie! Nie al die stalletjies het kragpunte nie, Verwys na aansoekvorm indien u ’n kragpunt benodig. Uitstallers is verantwoordelik daarvoor om hulle eie krag-verlengingskoorde en multi kragprop te verskaf.
Uitstaller is ook verantwoordelik vir hul eie Tafels, stoele en ander uitstaltoerusting. Afskortings word voorsien indien so aangedui op aplikasie. Die Eisbeinfees aanvaar nie verantwoordelikheid vir produk(te) wat nie verkoop nie. Epos asseblief jou aansoek met kleur foto’s na eisbeinfees1@gmail.com

VOLTOOI ASSEBLIEF DIE AANSOEK VORM DEEGLIK!

Ons sien uit om jul deel te hê van die fees !!